# GEBED AS 'N STOEIGEVEG

Philip Yancey vertel in sy boek oor gebed (Prayer) van 'n jong vrou wat by geleentheid in die gemeente gebid het: *"God, na my verkragting het ek jou gehaat! Hoe kon jy dit met my laat gebeur!"* Die gemeente was doodstil. Jy kon 'n speld hoor val. *"En ek het die mense in die kerk wat my probeer troos het, gehaat. Ek wou nie getroos word nie. Ek het wraak gesoek. Ek wou terug seermaak. Ek dank, u, God, dat u nie moed opgegee het met my nie – en van die mense hier het ook nie. U het agter my aangekom en nou vra ek u om die wonde van my gees te genees.*"

Wie van ons het al iets soortgelyks *gevoel*? Wie het al op so 'n manier met God *gepraat*? Is dit **aanvaarbaar** om so te bid?!

Gebed is al beskryf as 'n **gesprek** tussen twee persone wat mekaar liefhet. E M Bounds, wat ag boeke oor gebed geskryf het, sê: *"Prayer in its highest form and grandest success assumes the attitude of a wrestler with God."* Het jy al so oor gebed gedink – as 'n soort **stoeigeveg** met God?

ABRAHAM

Wanneer 'n mens Yancey lees, dan kom jy agter waar Bounds aan die idee van 'n stoeigeveg kom. Hy verwys na die **voorbeeld van Abraham**. God maak aan Abraham sy plan bekend om die bose stede Sodom en Gomorra te verwoes (Gen 18). Abraham berus nie sommer daarby nie. Hy is baie ontsteld. Luister na sy reaksie: (lees :23-25). En dan antwoord die Here: (:26). Daarna gaan Abraham voort om as't ware soos op 'n Oosterse basaar met God te **kibbel:** Wat van *"vyf minder as vyftig"?* Wat van veertig? Wat van dertig? Wat van twintig! Wat van tien?! Elke keer gee God toe: *"Ook oor 50/45/40/30/20/tien sal Ek dit nie verdelg nie."* (:32) Dan **stop** Abraham. Hy hou op vra voordat God ophou toegee het… Dalk moes hy nog verder aangehou het. Wie sê nie God sou bereid gewees het om die stede terwille van een regverdige, sy neef Lot, te spaar nie? Op die ou end is sy familie darem gered. Dalk was hulle ook al oor wie Abraham regtig bekommerd was en het hy tog sy sin gekry.

MOSES

Abraham was ook nie die enigste Bybelse karakter wat met God geargumenteer het nie. Dink aan **Moses 500 jaar later**. Toe God hom by die brandende doringbos roep om sy volk uit Egipte te lei, is hy **vol verskonings** en vra (Eks 3). *"Wie is èk dat ek dit by die farao sou waag en dat èk die Israeliete uit Egipte sou bevry?"* (:11) Toe hy sien sy kastige nederigheid werk nie, toe kom hy met allerlei ander besware: *Ek ken nie u Naam nie…. En wat as die Israeliete my nie glo nie … ek was nog nooit 'n goeie spreker nie…* God antwoord hom op elke beswaar en doen selfs 'n paar wonderwerke om hom tegemoet te kom. Op 'n stadium het God se geduld egter opgeraak en het Hy kwaad geword (:14), maar Hy het nogtans 'n **kompromie** met Moses aangegaan: Hy sou sy broer Aaron kon saamneem as sy woordvoerder. So, na 'n redelik lang "gestoei", begin die uittog uit Egipte.

Toe, na die maak van die **goue kalf**, gebeur dit weer. Soos destyds met Abraham, maak God ook eers sy voorneme om die volk vir hul sonde te straf aan Moses bekend. Hy sê vir hom: (32:9) *"Ek het gesien dat dit 'n opstandige volk is hierdie. Moet my nie probeer keer nie. Ek is toornig op My volk en Ek wil hulle vernietig. Vir jou sal Ek dan tot 'n groot nasie maak."* Soos Abraham, aanvaar Moses dit nie sommer nie. Hy pleit ook soos wafferse advokaat by God (lees :11-14). God laat Hom **oortuig**!

Later in die verhaal is die rolle weer omgekeer. Moses is ontevrede en kla by God oor die volk wat so goddeloos is: (lees Num 11:11-15). God is simpatiek en laat sewentig leiers aanstel om die verantwoordelikheid saam met Moses te dra en so sy las ligter te maak.

JOB
As ons praat oor gebed as 'n soort stoeigeveg met God, kan ons natuurlik nie van Job vergeet nie! Sy **drie vriende** was baie "polite" en versigtig om tog niks verkeerds teenoor God te sê nie. Hulle verdedig vir God, probeer Job kalmeer en dink redes uit waarom 'n mens maar die wêreld moet aanvaar soos wat dit is. Job is egter glad nie daarvoor te vinde nie. Hy maak ernstige beswaar daarteen om die slagoffer te wees van 'n wrede God. Hy praat sy hart uit teenoor God. Dit was so amper of hy het heeltemal **ophou bid**: *"Watter nut het dit om Hom te aanbid?"* wil hy van sy geskokte vriende weet (21:15). En tog, teen die einde van die boek wanneer God aan die woord kom, skaar Hy hom by Job, nie by sy vriende nie. (42:7)

PSALMS EN PROFETE
Daar is natuurlik baie voorbeelde in die Psalmboek waar die psalmis kla oor God se **afwesigheid** en skynbare **onregverdigheid**. Op een plek kla hy: *"Ek het my moeg geroep om hulp, my keel is hees geroep, selfs my oë het ingegee soos ek vir my God gewag het."* (69:4) In sowel die Psalms as by die profete tel 'n mens die klag op dat die wêreld *vol onreg* is, dat baie *beloftes nie vervul* is nie, dat *regverdigheid en barmhartigheid soek* geraak het. Luister na **Jeremia**: *"Ag, Here my God! U het hierdie volk en Jerusalem bedrieg. U het gesê: 'Julle sal vrede hê,' maar nou lê die swaard teen ons kele."* (3:10) God word deur een van sy profete van **bedrog aangekla**!

JESUS
Dan is daar natuurlik die baie bekende voorbeeld van Jesus se worsteling in Getsemanè (Matt 26). Watter geveg was DIT nie! Hy het drie keer teruggegaan om seker te maak daar is nie 'n ander uitweg as die kruis nie. Uiteindelik was Hy oortuig, het Hy **vrede** gevind en was hy **bereid** om die bitter lydensbeker te drink.

KERKLEIERS
Die kerkleier **Ananias** was ook eers baie beswaard toe die Here op sy nommer gedruk het (Hand 9). Toe hy hoor hy moet na Saulus toe gaan, was sy **eerste reaksie**: *"Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het. En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep."* (:13,14) Asof die Here dit nie self geweet het nie!
Die einste **Paulus** was ook by 'n gestoei met God betrokke oor 'n sg *"doring in sy vlees"*. Hy noem dit *"'n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan."* Hy het die Here drie maal gebid om dit van hom weg te neem voordat hy berusting en vrede gevind het (Hand 12).

Dit is sekerlik met sulke voorbeelde in gedagte dat **Bounds** geskryf het: *"Prayer in its highest form and grandest success assumes the attitude of a wrestler with God."*

JAKOB
Jakob is die karakter in die Bybel wat bekend is daarvoor dat hy met God gestoei het.
**Doen Skriflesing uit <u>Gen 32:24-32</u>.
In die **voetnota** onderaan die bladsy sal u kan lees dat die naam Israel herinner aan die Hebreeuse woorde vir *"stryd voer"* en *"God"*. Jakob het met God stryd gevoer, gestoei. Hy het gestoei om God se **seën** te kon ontvang. Hy wou nie ophou stoei voordat hy nie eers sy seën ontvang het nie. *"Ek sal jou net los, as jy my seën."*

VERHOUDING
Yancey haal 'n gebed aan wat iemand na die **Tsunami** gebid het. Die laaste paragraaf lui: *"We know a pot cannot question a potter, we know you have the truth, and who can we turn to but you? But we cannot help but think that if a man can forgive and love his enemy, how can the author of love let those who do not believe in Him perish? Forgive us for questioning your love – we question because we believe you are love and we seek explanations for the bad that happened. We know our questions will not be answered on earth, we just pray that you will continue to keep our faith in you alive. Amen."* (p 84)
*"who can we turn to but you? …we question because we believe you are love".* As 'n mens in die **Noodlot** glo, het jy nie 'n keuse nie – jy moet maar alles aanvaar soos wat dit is. Om met God in die gebed te stoei, beteken daarenteen dat jy glo daar is 'n **persoonlike God** wat **hoor** en van Wie jy **seën** kan verwag.
*"we just pray that you will continue to keep our faith in you alive."*
Teleurgestelde verwagtings en misverstande is deel van **verhoudings**. *"Christianity is a relationship."* Verhoudings kan soms stormagtig wees (ouers en tieners bv.) Dit beteken nie noodwendig dat ons nie meer vir mekaar lief is nie. Wat is die **teenoorgestelde** van liefde? Die meeste sal seker sê "haat". Nee, sê iemand, nie haat nie, maar **onverskilligheid**. Solank jy stoei met God, staan jy nie onverskillig teenoor Hom nie. Jy kommunikeer nog, jy vertel Hom openlik en eerlik wat in jou hart omgaan. Jy sê jy is teleurgesteld, verward, bang, kwaad, watookal. Dis 'n geval van: *"Ek stoei met God, want ek glo in Hom."*

Dit is wat **gebed veronderstel** is om te wees: 'n Eerlike, opregte gesprek tussen twee persone wat vir mekaar lief is – al gee dit ook soms 'n gestoei af!

Amen

15.8.10